# SOEK 'N MAAT? WEES 'N MAAT!

## DIE GIDS VIR TROETELDIERVERSORGING EN DIE VOORKOMING VAN BYTWONDE



Ontwikkel deur:
René Grobler, Amanda Klette,
Netcare Trauma Division
Daniel Stewart en Terence Scott
Global Alliance for Rabies Control

NETCARE
You're in safe hands
Global Alliance for Rabies Control
World Health Organization

# HONDETAAL

## WAT SÊ MY HOND VIR MY?




© 2011 Lili Chin www.doggiedrawings.net Lili

NETCARE You're in safe hands

Global Alliance for Rabies Control

World Health Organization

# VEELS GELUK

## Hierdie sertifikaat word aan:

______________________________________________

**Toegeken omdat ek weet hoe om veilig rondom honde te wees!**

Ek belowe om:

- Altyd eers te vra voordat ek aan ŉ hond vryf.
- My gesig van ŉ hond se gesig weg te hou.
- "Soos ŉ boom te wees as ŉ hond wat losloop naby my kom.
- Nooit ŉ hond te pla terwyl hy eet, slaap of by babahondjies is nie.





Netcare — You're in safe hands · Global Alliance for Rabies Control · World Health Organization

## Wat kinders NIE met honde moet doen nie

**Dis maklik, verbeel jou net hoe mense teenoor mekaar behoort op te tree**





| | |
|---|---|
| Moenie mense se kos vat nie. | Moenie ŉ hond pla wat eet nie. |
| Moenie ander mense se speelgoed steel nie. | Moenie ŉ hond se been of speelgoed afvat nie. |
| Moenie jou gesig na aan ŉ ander mens s'n hou nie. | Moenie jou gesig na aan ŉ hond s'n hou nie. |
| Moenie iemand pla wat slaap nie. | Moenie ŉ hond pla terwyl hy slaap nie. |
| Moenie aan iemand ruk of pluk nie. | Moenie ŉ hond se ore of stert trek nie. |
| Moenie bo-oor of bo-op mense klim nie. | Moenie bo-oor of bo-op honde klim nie. |
| Moenie knyp nie. | Moenie ŉ hond vas druk nie. Die meeste honde hou nie daarvan nie. |
| Moenie gil of skree nie. | Moenie gil, skree of lawaai maak naby honde nie. |

Plakkaat aangepas uit hulpbronne beskikbaar gestel deur Dr Sophia Yin by www.drsophiayin.com

Netcare — You're in safe hands · Global Alliance for Rabies Control · World Health Organization

# Kleur in!




NETCARE You're in safe hands | Global Alliance for Rabies Control | World Health Organization








NETCARE You're in safe hands | Global Alliance for Rabies Control | World Health Organization

# Soek die verskille!

(daar is 13)



NETCARE
You're in safe hands
Global Alliance for Rabies Control
World Health Organization

# VERANTWOORDELIKE TROETELDIER-EIENAARSKAP

## 5 VRYHEDE

**Dit is ons verantwoordelikheid om toe te sien dat elke dier die volgende het:**




1. Gesonde kos en skoon water




2. Skuilplek en gemak



3. Behandeling wanneer hulle siek of beseer is



4. Gesonde dieremaatjies om mee te speel



5. Gelukkigheid! Ons moet seker maak dat ons diere nie bang of omgekrap is nie

NETCARE
You're in safe hands
Global Alliance for Rabies Control
World Health Organization

# MOET NOOIT 'N SLAPENDE HOND WAKKER MAAK NIE



## Geniet dit en vorm 'n vriendskap met jou troeteldier!

Dit is 'n groot verantwoordelikheid en voorreg om 'n troeteldier te besit. Jou troeteldier is deel van jou familie, net soos 'n broer of suster. Word maatjies met jou troeteldier en praat met hom/haar! Jou troeteldier kan jou beste maat wees en hulle hou geheime goed!

Jy moet alle diere respekteer, net soos jy jou broer, suster, ouers en onderwysers respekteer.

Indien moontlik, besoek 'n skool wat honde oplei. Hulle kan vir jou hond basiese bevele leer.

**As jy 'n maat soek, wees een!**



NETCARE You're in safe hands
Global Alliance for Rabies Control
World Health Organization

# HONDSDOLHEID

## WAT IS HONDSDOLHEID?

Hondsdolheid is 'n virus wat net soogdiere affekteer en kom meestal in honde voor. Omdat die virus in die speeksel van siek diere leef, gaan dit die ligaam van gesonde diere en mense binne deur 'n bytwond of deur die lek van skrape en wonde. Die virus kan die dood veroorsaak as dit nie behandel word nie.

Ons kan hierdie dodelike siekte stop deur ons diere in te ent teen hondsdolheid.



Vermy bytwonde



Moenie rondloperhonde optel nie



Vermy lekke en skrape


## KAN HONDSDOLHEID BEHANDEL WORD?

Ons moet hondsdolheid probeer voorkom deur inenting! As die simptome van hondsdolheid eers begin verskyn, kan ons dit nie meer behandel nie.

Daar is 3 maklike stappe om hondsdolheid to voorkom:



1. Vermy bytwonde deur enige dier.
2. As jy gebyt word, was die wond onmiddelik met lopende water en seep vir 15 minute.
3. Sê vir 'n volwassene dat jy gebyt is omdat hulle jou na 'n hospitaal of kliniek moet neem vir 'n hondsdolheidinenting.



**LET OP:**

As jy nie 'n volwassene in die hande kan kry nie, neem 'n vriend saam want dit is baie belangrik dat jy hulp ontvang.

NETCARE You're in safe hands
Global Alliance for Rabies Control
World Health Organization

# BYTVOORKOMING

## Hoe keer ons dat honde byt?

**Honde wat ons ken:**

Wanneer hondjies klein is, moet ons genoeg mooi met hulle speel sodat hulle nie bang vir mense is nie. Klein hondjies moet daarvan hou om met mense te speel sodat hulle gewoond raak aan mense wat aan hulle vat en hulle nie byt nie. Dit is hoe ons met ons troeteldiere 'n band skep.

Alle troeteldiereienaars moet leer hoe om met hul honde te kommunikeer sodat hulle gevaarlike situasies kan vermy en moet ook hul honde leer om goedgemanierd rondom mense te wees.

Steriliseer jou troeteldier. Reuns wat nie gesteriliseer is nie, kan meer aggresief wees teenoor mense en ander diere. Tewe wat nie gesteriliseer is nie, kan dalk siek word. Dit kan baie gevaarlik vir mense en ander honde wees as jou troeteldiere nie gesteriliseer is nie.

**Honde wat ons nie ken nie**

As 'n hond na jou toe hardloop, staan doodstil en moenie enige geluide maak nie. Laat die hond toe om aan jou te ruik and wanneer die hond wegloop, loop jy ook stadig weg in die teenoorgestelde rigting.

Bly weg van honde wat jy nie ken nie. Dit sluit honde in wat aan kettings vasgemaak is of agter hekke is.

Moet nooit 'n hond terg, jaag of met iets gooi nie. Moenie honde pla wat eet, slaap of klein hondjies soog nie.

Wees bewus van jou omgewing en die honde wat rondom jou bly. Maak vriende met hierdie honde en respekteer hul ruimte.

Moenie aan 'n hond slaan, skop of op hom skree nie en bly weg van honde wat vreemd optree.



# 'N GEBALANSEERDE DIEET EN VARS WATER

Alle diere, net soos ons, het 'n gebalanseerde dieet nodig met al die voedingstowwe, vitamiene en minerale, kalsium, proteïene en die noodsaaklike voedsaamheid wat mense uit kos kry.

Kos wat ons vir ons diere moet gee en nie moet gee nie:

| JA | NEE |
|---|---|
| Goedgekookte vleis ✓ | Sjokolade X |
| Hoender ✓ | Druiwe X |
| Salm ✓ | Uie X |
| Groente ✓ | Kafeïen (koffie) X |
| Vesel en graankos ✓ | Knoffel X |
| Soetpatat ✓ | Kougom X |
| | Alkohol X |



BASIESE GESONDHEIDSVEREISTES

Diere vereis: Inentings elke jaar

Ontwurmingstablette elke paar maande

'n Besoek aan 'n veearts minstens een maal per jaar

Gesinsbeplanning deur die sterilisering van ons diere is ook belangrik om te voorkom dat nog hondjies en katjies gebore word wat nie behoorlik versorg kan word nie.



NETCARE You're in safe hands · Global Alliance for Rabies Control · World Health Organization

# WOORDSOEK



| | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| M | C | J | C | P | U | G | N | J | S | S | X | C | W | Y |
| S | E | V | E | E | A | R | T | S | J | D | T | F | X | A |
| W | R | X | Y | F | S | P | E | E | L | G | O | E | D | T |
| A | Y | O | G | E | S | I | N | I | Q | R | A | R | R | O |
| A | S | L | I | E | F | D | E | E | W | B | E | E | N | T |
| I | E | T | L | H | N | U | S | N | U | F | F | E | L | R |
| Q | S | Y | A | O | K | C | Y | V | Z | M | D | J | T | Y |
| R | W | T | H | P | Z | A | D | G | A | F | X | F | B | U |
| K | T | R | O | E | T | E | L | D | I | E | R | Q | X | E |
| M | Z | W | B | G | I | U | H | A | R | D | L | O | O | P |
| G | H | N | P | J | B | L | A | F | B | A | L | F | R | J |
| L | Y | X | D | E | G | N | L | E | I | B | A | N | D | U |
| Q | G | N | Z | U | L | J | L | D | A | S | P | E | E | L |
| V | O | N | I | X | V | S | H | D | Q | E | T | B | K | A |
| H | D | G | M | M | W | H | W | H | Z | X | A | E | J | N |

**BAL**
**BLAF**
**BEEN**
**HOND**
**KWYL**
**GESIN**
**PELS**
**LEIBAND**
**LEIFDE**
**HYG**
**TROETELDIER**
**SPEEL**
**HONDJIE**
**HARDLOOP**
**SNUFFEL**
**STERT**
**SPEELGOED**
**VEEARTS**
**SWAAI**
**STAP**



# VOORSORG IS BETER AS NASORG

## KEER 'N BYTWOND VOOR DIT GEBEUR


Honde verstaan nie dat om te byt verkeerd is nie. Honde byt dikwels as hulle bang is of probeer om hulself te beskerm. Om te keer dat honde ons byt, moet ons die volgende mooi verstaan:

- Hoe honde voel
- Hoe om 'n hond veilig te nader
- Wanneer dit veilig of gevaarlik is om 'n hond te nader of om met 'n hond te speel

As ons hondegedrag verstaan en gevaarlike situasie vermy, kan ons bytwonde voorkom.

### DIE GEVAARTEKENS

- GESPANNE LYF
- STYWE STERT
- TERUGGETREKTE ORE
- GEE AGTERUIT PAD
- GROM
- HAP
- INTENSE STAAR
- HARE WAT REGOP STAAN



### WAT OM TE DOEN ✓

- HOU JOU HANDE LANGS
- JOU SYE EN STAAN DOODSTIL



### MOENIE ✗

- VAN DIE HOND AF WEGHARDLOOP NIE
- SKREE OF PANIEKERIG RAAK NIE
- OOGKONTAK MAAK NIE

### AS JY GEBYT WORD

- MOENIE PROBEER WEGRUK NIE
- STAAN STIL
- AS JY SOU VAL, ROL JOUSELF OP IN 'N BAL MET JOU ARMS EN BENE INGETREK




NETCARE You're in safe hands
Global Alliance for Rabies Control
World Health Organization